



Struktuur versus geloof

Dit is geen geheim dat die ou historiese kerke dwarsoor die wêreld verklein en baie lidmate verloor nie. Dit is ook die tendens in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA). Vanaf 1988 het hierdie verskynsel hom in die NHKA begin afspeel. So het belydende lidmate van 1987 tot 2010 verminder vanaf 132 016 tot 101 000. Volgens die verslag van die Administrateur aan die AKV wat aanstons 'n aanvang neem, het 'n verdere 15 000 lidmate vanaf 2010 uit die kerk verdwyn.

Volgens Dr WA Dreyer wat reeds in 2009 'n besprekingsdokument gekompileer het vir die Raad vir Apostolaat, getitel: *Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – gereed vir die 21e eeu?* word verskeie redes uitgewys waarom die sogenaamde historiese kerke, onder andere die NHKA, die verskynsel beleef. Een van die vernaamste oorsake, soos ook ander teoloë al uitgewys het (bv Burger en Niemandt), noem hy kerkstrukture wat stol tot **institusionalisme**.

In kort word institusionele denke sigbaar in die verknogtheid aan strukture en sentrale beheer. Bekende strukture, bestuursbeginsels en funksionering, ook van die ampte, word kritiekloos voorgesit. Wat geboue betref, word daar ten alle koste aan die eiendom vasgehou. Die meeste tyd en geld word aan die instandhouding van die geboue spandeer. Gemeentes reken dat hulle nie kan bestaan sonder geboue nie. Met betrekking tot die organisasie het die proses van

institusionalisering Christus se regering laat omgaan in bestuur, beheer en kontrole. Dreyer skryf: *Die kerklike organisasie verduister Christus. Die Kerk staan op die voorgrond. Dit gaan al hoe meer om die instandhouding van die organisasie en sy strukture, al minder oor die liggaam van Christus en die koninkryk van God.*

Toe die sluimerende vrysinnigheid, wat al lank reeds in die NHKA heers, die teologiese vurk met die 2010 AKV in die pad bereik het, is baie van Dreyer se argumente waar bewys. In plaas van om die struktuur met 'n soepel houding aan te pas ter wille van die behoud in die eenheid van die kerk, is die ystervuishouding van **beheer, bestuur en kontrole** afgeforseer. Nieteenstaande billike voorstelle tot akkommodasie deur die steedsHervormers, deur middel van 'n modaliteit of 'n onafhanklike vereniging (soos in Nederland), of andersoortige gemeentes of geperforeerde gemeente grense (soos in die Kerkorde), was daar geen toegewing deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (KomAKV) nie. Inteendeel, die KomAKV wou die steedsHervormer verteenwoordigers nie eens persoonlik te woord staan nie. Ook het ons nooit 'n amptelike antwoord ontvang nie. Strenger beheer en kontrole is toegepas: geen vryheid van die pers in die Kerklike tydskrifte nie, 'n **georkestreerde uitbanning van kritici**, eers die gemeentepredikante, toe die lidmate en nou die emeriti, self

susters wat op besture van Ouetehuisse dien mog dit nie meer wees nie. Die instituut moet bewaar word, die struktuur moet onveranderd bly, die amp(tenare) se posisies moet ongeskonde gehandhaaf word.

Tog sou die uitdrywing van steeds Hervormer-gemeentes en die ongenaakbare optrede van die KomAKV tot wonderlike geestelike groei en tot 'n nuwe verstaan van kerkwees lei. Saam met die Reformatore in die 16de eeu het ons as sH weer die kern van die kerkwees na die gemeente verskuif. Die kerk is daar waar die Woord en sakramente reg geleer en bedien word – dus in die gemeente. Daarom is selfstandige/ onafhanklike gemeentes gevorm – los van die gestolde struktuur van die NHKA. Die eerste vrug hiervan is reeds duidelik te bespeur: nuutgevonde *communitas*, dit is 'n nuwe geloofsgemeenskap. Onderlinge samesyn is weer 'n realiteit. Ons staan saam en leef saam in ons gemeentes.

Tweedens en waarskynlik die belangrikste was om oor die Bybel en geloof te praat. Dit was goed om weer ons belydenisse aan die Woord te toets. Al het die gesprekke in die gemeentevergaderings meegebring dat ons nie net rustig kon kerk wees nie, het ons ook weer deurgedring tot waaroor dit werklik gaan.

Derdens moes ons, ontdaan van die strukture waardeur die NHKA barmhartigheidswerk doen, besin hoe ons diakonaal betrokke gaan wees in gemeente en gemeenskap. Maar so kry die hulp wat ons verleen weer 'n gesig, barmhartigheid is nie net 'n bydrae vir iemand daar ver nie.

Tog is ons ook benoud. Hy wat staan moet oppas dat hy nie val nie. Al is

elke gemeente *ecclesia completa* (volkome kerk), is ons ook *ecclesia incompleta* (onvolkome kerk). Daarom vereis die toekoms groot verantwoordelikheid. Gemeentes het mekaar nodig. Die gestigte **Geloofsbond** is juis 'n versugting om saam te worstel hoe ons nuutgevonde geloofsgemeenskap in geloof, liggaam van Christus kan wees. Mag die Here ons help om dit reg te kry.

Mag ons ook leer uit die onlangse lesse om nie

- weer 'n kerkorde te skep wat gewetensdwang wil afdwing nie.
- kerkraadslede te kies wat nie bereid is om besluite van die vergaderings met gemeentelede te bespreek nie.
- kerkvergaderings te hê wat alle vreemde leringe in die kerk duld, maar die wat die belydenisskrifte wil handhaaf, verjaag nie.
- dominees te orden wat twyfel oor die waarheid van die evangelie en meer belangstel in 'n dooie (historiese) Jesus as in die komende Here.

Die Geloofsbond mag ook nie stol tot net nog 'n struktuur nie. Die struktuur van die Geloofsbond moet die Woordverkondiging en die arbeid van gemeentes dien en begelei, nooit beheer en bestuur nie. Hoe gaan ons waak teen dit wat ons ontvlug het?